

DIE BRITSE BESETTING VAN BLOEMFONTEIN, 13 MAART 1900

Mnr. S.F. Malan

Universiteit van Suid-Afrika

Die oorgawe van genl. Piet Cronje te Paardeberg het die moreel van die Republikeinse magte 'n ernstige terugslag besorg. Sake aan die Wesfront het hierna 'n kritieke stadium binnegegaan en genls. C.R. de Wet en J.H. de la Rey het voor 'n gedugte taak te staan gekom in hulle poging om die oprukkende Britse leërs te probeer stuit. Lord Roberts het die netelige posisie van die Republikeinse magte besef en wou sy suksesse opvolg met 'n vinnige opmars teen Bloemfontein. Hy berig aan Chamberlain: "It is my intention to follow them (Boers) up as rapidly as possible and by taking full advantage of the shock which they have sustained to break their organisation as a fighting force".¹ Dit was nie moontlik om hierdie oogmerk onmiddellik uit te voer nie.² Na die uitputtende offensief om Kimberley te ontset was sy manskappe en perde nie in 'n toestand om die opmars onmiddellik voort te sit nie. Eers op 7 Maart, te midde van 'n swaar reën, was Roberts gereed om die offensief teen Bloemfontein te hervat.

Genl. De Wet, wat kort tevore tot opperbevelhebber aan die Wesfront bevorder is, het ondertussen sy bes probeer om 'n bolwerk teen die oprukkende Britse magte op te rig. Al hierdie pogings was egter futiel en die Republikeine moes terugval op Abrahamskraal. Genl. De Wet het hom nou na Bloemfontein gehaas om met die Vrystaatse regering oorleg te pleeg oor die algemene toestand en toesig te hou oor voorbereidings aldaar vir die verdediging van die Vrystaatse hoofstad. Vergesel van regter J.B.M. Hertzog het hy 'n verdedigingstrategie beplan en die omgewing ondersoek vir die geskikste posisies. De Wet was blykbaar oortuig dat lord Roberts geen tyd-sou verspil om die Vrystaatse hoofstad te bereik nie en dat hy gevolglik van die kortste roete na die stad gebruik sou maak. Hy het dus opdrag gegee dat voorbereidings vir 'n aanval vanuit die noordweste getref moes word. 'n Verdedigingsmag is onder kmdt. Fourie georganiseer en het opdrag ontvang om stellings aan die voet van Spitzkop — sowat 10 kilometer noordwes van die stad — gereed te maak.³

Terug op Abrahamskraal het genl. De Wet gevind dat aanvoerders soos De la Rey, Cronje en Froneman reeds alles in hulle vermoë gedoen het om die Britse aanslag af te weer. Weens die ernstige toestand het president Kruger spesiaal na die front afgereis om die gedemoraliseerde burgers te bemoedig. Kaptein O. von Lossberg skets 'n patetiese prentjie van die President: "the aged President endeavoured, by the power of his personality, to stay the rout. Standing by the roadside he addressed the burghers as they came by Despair seemed depicted on his hard leaden features; threateningly he lifted

1. T.A., W.O. 10, film A. 389: Roberts — Chamberlain, 16/2/1900. Die volgende reekse is almal fotostatiese afdrukke of mikrofilm-kopieë in die Transvaalse argiefbewaarplek van die oorspronklike dokumente: War Office (W.O.), Colonial Office (C.O.), Milner Papers, Lord Roberts Papers, Dagboek van French. Die volgende afkortinge word gebruik: T.A. = Transvaalse Argiefbewaarplek en V.A. = Vrystaatse Argiefbewaarplek.
2. T.A., W.O. 10, film A. 362, Roberts — Chamberlain, 31/3/1900.
3. Sir Frederick Maurice *History of the War in South Africa, 1899—1902*. II (Londen, 1967), pp.210 en 213; T.A., W.O. 10, film A.362, Roberts — Chamberlain, 31/3/1900; T.A., W.O. 10, film 389, Roberts — Chamberlain, 31/3/1900.

his heavy stick against the fugitives, whom no one seemed able to check.”⁴ Op 8 Maart berig Kruger aan genl. Piet Joubert: “Ja ik vrees voor Bloemfontein en u zult kunnen begripen wat het voor ons zaak beteekent als Bloemfontein in handen van des vijands mocht vallen.”⁵ Kruger se vrese is deur Steyn en die ander aanvoeders gedeel. President Steyn het herhaalde versoeke gerig dat die Heilbronse kommando van die Natalse- na die Wesfront oorgeplaas moes word om die Vrystaatse hoofstad te help beskerm.⁶ Alhoewel hy in dié opsig deur genls. Joubert en Botha gesteun is, het daar niks van hierdie versoeke tereg gekom nie.⁷ Sommige Vrystaters het gevoel dat dit die Transvalers nie werklik erns was om Bloemfontein te beveilig nie en A. Fischer het ernstig-by die Transvaalse regering gekla dat “de Z.A.R. burgers schijnen ons allen in den steek te willen laten”.⁸ Hy het gevra dat van die Transvaalse polisie na Vrystaatse spoorweghaltes gestuur moes word om die stroom Transvaalse drosters na hulle kommando’s terug te stuur. Dit het president Kruger genoop om aan veldkornet Du Toit opdrag te gee dat alle Z.A.R. burgers wat dros, gevange geneem en onder krygswet gestraf moes word. Hy voeg daaraan toe: “zeg aan de burghers of zij dan de O.V. Staat wil laten verloren, want dan zal het met ons ook verloren gaan”.⁹ Dit was egter nie slegs die Transvalers wat moed opgegee het nie. Ook die Vrystaters se moed het hulle begewe voor die groot oormag van die Britse leër wat telkens daarin geslaag het om deur middel van flankmaneuvers hulle stellings te ontwyk en te bedreig.

Op 9 Maart het Lord Roberts sy opmars teen Bloemfontein voortgesit. Reeds op 5 Maart het hy berig ontvang dat stellings aan die noordweste van Bloemfontein — op die direkte roete na die stad — gereed gemaak word. Boonop het groot troepesaamtrekkings te Abrahamskraal sy weg versper. Hy het dus besluit om ’n flankbeweging om hierdie stellings te probeer uitvoer en die stad vanuit die suidweste te nader. Hiervoor het hy sy mag in drie afdelings verdeel en aan elkeen vaste mikpunte gestel.¹⁰ Die linkerkantse kolonne onder French, die regterkantse kolonne onder Tucker en sy eie afdeling — wat die middelste kolonne sou uitmaak — sou volgens dié plan op 13 Maart in die omgewing van Leeuwing (± 20 kilometer suid van Bloemfontein) kampeer. Tucker het nie veel teenstand ondervind nie en op 10 Maart Petrusburg sonder veel verset ingeneem.¹¹ French het hewige verset teengekom te Abrahamskraal waar veral genl. De la Rey se burgers hulle onderskei het.¹²

4. L.S. Amery *The Times History of the War, 1899—1902*, III (Londen, 1905), p.573.
5. T.A., Dr. W.J. Leydsargief 718(f), Telegram nr. 15, Staatspresident — Kmdt.-genl., 8/3/1900.
6. T.A., Leydsargief 718(f), Telegram nr. 22, Hoof-kmdt. — Kmdt.-genl., 8/3/1900.
7. T.A., Leydsargief 719(a), Telegram nr. 3, Kmdt.-genl. — Hoof-kmdt. Prinsloo, 10/3/1900; Telegram nr. 47, Staatspresident (Pta.) — Staatspresident (Bfnt.), 10/3/1900; Telegram nr. 99, Staatspresident (Pta.) — Staatspresident (Bfnt.), 10/3/1900; Telegram nr. 34, Kmdt.-genl. — Assistent-kmdt.-genl. Botha, 11/3/1900.
8. T.A., Leydsargief 718(f), Telegram nr. 18, Fischer — Grobler, 9/3/1900; Telegram nr. 80, Veldkornet Du Toit — Staatspresident, 10/3/1900.
9. T.A., Leydsargief 719(a), Telegram nr. 95, Staatspresident — Veldkornet Du Toit 10/3/1900.
10. T.A., W.O. 10, film A. 392, Roberts se instruksies, 9/3/1900; Amery *The Times History of the War*, pp.571—572.
11. *Cape Times* 15/3/1900; T.A., W.O. 10, film 389, Roberts — Chamberlain, 31/3/1900; Film D/F3, Dagboek van French, 10/3/1900, p.145.
12. T.A., Leydsargief 719(a), Telegram nr. 44, Staatspresident (Bfnt.) — Staatspresident (Pta.), 10/3/1900; C.R. de Wet *De Strijd tussen Boer en Brit* (Amsterdam, 1903), p.46; Amery *The Times History of the War*, p.573 e.v.

French is deur die sterk teenstand by Abrahamskraal suidwaarts gedwing, maar die Boeremagte moes uiteindelik hulle stellings prysgee. President Steyn berig dan ook aan sy Transvaalse eweknie die volgende oor genl. De Wet se planne: "Zeker valt ons nu niets anders te doen dan tot de posities om Bloemfontein terug te vallen. Ik laat dus de Burghers zonder verzuim optrekken ten einde by tyds posities te Bloemfontein op te nemen en in gereedheid te brengen."¹³ Volgens *The London Times* het sowat 12 000 burgers met 18 kanonne hulle nou op die direkte roete na Bloemfontein ingegrawe.¹⁴ Die blad gaan voort in 'n poging om die indruk van ernstige onderlinge geskille tussen die Republikeinse burgers oor die verdediging van Bloemfontein te wek en berig: "Prisoners report that the Northern Transvaalers are irreconcilable. They say that the Free Staters, who are mistrusted by their allies, are willing to surrender in order to save Bloemfontein from bombardment, but the Transvaalers compel them to resist."¹⁵

Die terugvallende burgers en die talle gerugte in omloop het tot groot ontsteltenis onder 'n sekere gedeelte van Bloemfontein se inwoners gelei. Volgens *The London Times* was op daardie stadium uit 'n totale bevolking van sowat 3 500, ongeveer 1 500 gekleurdes, 1 100 Blankes van 'n vreemde nasionaliteit (oorwegend Engelssprekendes) en slegs sowat 900 Afrikaanssprekendes in die stad woonagtig.¹⁶ Die inwoners van die stad het dus 'n groot aantal ingesluit wat hulle nie met die Republieke se saak vereenselwig het nie. Die bekendste van hierdie groep was J.G. Fraser. Fraser was vanaf 1881 tot met die uitbreek van die oorlog onafgebroke Bloemfontein se verteenwoordiger in die Vrystaatse Volksraad. In 1896 het hy, in 'n poging om die toenadering tussen die Republieke teen te gaan, hom as kandidaat teen M.T. Steyn vir die presidentskap verkiesbaar gestel. Alhoewel hy 'n verpletterende nederlaag in die verkiesing gelei het, het hy in Bloemfontein self meer stemme as Steyn op hom verenig. Fraser was vanuit die staanspoor teen die Vrystaat se deelname aan die oorlog gekant. Reeds op 27 Februarie 1900 berig die Resident-kommissaris te Maseru aan lord Milner dat "a wealthy and influential Scottish man in Orange Free State formerly a member of Volksraad whose identity must not be disclosed" (heelwaarskynlik J.G. Fraser) per geheime boodskap berig: "Orange Free State getting thoroughly sick of it, desertions wholesale but sjamboked back If British take Bloemfontein by force and proclaim country and that all found in arms will have property confiscated our army will melt away like snow Sudden onslaught of British has caused great consternation at headquarters at Bloemfontein."¹⁷

Op 10 Maart het 'n afvaardiging uit hierdie geleedere bestaande uit dr. B.O. Kellner en J.G. Fraser 'n onderhoud met president Steyn aangevra. Fraser het as woordvoerder opgetree en verklaar dat "er grote onstuimigheid is onder de inwoners, onder het gerucht dat de Regering van mening is de Vijhand tegenstand te bieden in de onmiddellijke nabijheid van de Stadt, en

13. T.A., Leydsargief 719(a), Telegram nr. 3, Staatspresident (Bfnt.) — Staatspresident (Pta.), 11/3/1900.

14. *The London Times* 13/3/1900. Hierdie getalle blyk 'n hopelose oorskatting te wees. Die Republikeinse magte wat beskikbaar was om die stad te verdedig was ongeveer 4 000 man sterk, M.C.E. van Schoor "Bloemfontein gooi tou op", *Die Taalgenoot*, Maart 1950, p.34.

15. *The London Times* 13/3/1900.

16. *The London Times* 13/3/1900.

17. T.A., C.O. 417/287/9582, F.K. 313, Milner — Chamberlain, 3/3/1900, p.28.

de vrees bestaat dat dit aanleiding kan geven tot bombardement”¹⁸ Fraser het tevergeefs getrag om die President te oortuig dat die stellings by Bainsvlei en Spitzkop groot gevaar vir lewens en eiendom in die stad inhou en dat ander posisies liewer ingeneem moes word. President Steyn was van mening dat die Republiek se belange voorrang moes geniet en hy was dit volkome eens met die krygsraadsbesluit dat die Vrystaatse hoofstad teen die oprukkende Britse troepe verdedig moes word. Fraser het daarop gewys dat die burgers nie die Britse opmars sou kon teenhou nie en dat die stad na alle waarskynlikheid in Britse hande sou val. Hy het die President voorts ingelig dat sodra die regering die hoofstad sou ontruim “de Burgemeester en ik, met enige andere heren, ’n Kommissie van Publieke Veiligheid zullen vormen om met behulp van de politie tegen ongeregeldheden te waken, en te doen wat wij kunnen om de Stadt tegen bombardement te vrijwaren, en dezelve bij aankomst van de vijand over te geven.”¹⁹ Alhoewel Fraser en Kellner se houding die President geensins aangestaan het nie, was die oorplasing van belangrike staatsdokumente die vorige dag na Kroonstad alreeds ’n aanduiding dat die regering hom voorberei vir die ergste. ’n Verdere aanduiding was die besluit dat genl. Joubert persoonlik na die Vrystaatse gevegsfront sou afreis in ’n poging om die burgers te bemoedig.²⁰

Op die 11de Maart het lord Roberts se afdeling, nou met French s’n as sy voorhoede, die opmars teen Bloemfontein hervat. Slegs sporadiese teenstand is ondervind en tot Roberts se verligting was die vordering vinnig. Hy was naamlik bevrees dat veral die hewige geveg by Driefontein die Boeremagte ’n aanduiding sou gee van sy plan om Bloemfontein uit die suide te nader. Op die 12de Maart het Roberts en French se gesamentlike magte hulle reeds te Ventersvlei, sowat 25 kilometer ten suidweste van Bloemfontein, bevind. Hier het lord Roberts besluit om sy oorspronklike plan van ’n wye flankbeweging te wysig en French opdrag gegee om direk na Brandkop, sowat 8 kilometer suidwes van Bloemfontein, op te ruk.²¹ Veral twee oorwegings het in hierdie besluit ’n belangrike rol gespeel: volgens sy inligting was versterkings elke oomblik in Bloemfontein te wagte en deur vinnige optrede wou hy dus die inisiatief behou. Hy wou veral probeer voorkom dat die Republikeinse magte voldoende tyd tot hulle beskikking sou hê om al die lokomotiewe en spoorwegtrokke uit die Bloemfonteinse stasie te verwyder.²² Nadat French sy manskappe ’n kort rusperiode gegun het, het hy hierdie nuwe opdrag uitgevoer.²³ Op die plaas Sterkfontein (ongeveer 16 kilometer ten suidweste van Bloemfontein) het French vir J. Palmer, ’n lid van die Republikeinse Uitvoerende Raad, teëgekom en aan hom die volgende verklaring van lord Roberts aan die inwoners van Bloemfontein oorhandig: “To the inhabitants of Bloemfontein. His Majesty’s troops are within a short distance of Bloemfontein, and will enter the town in a few days. If no opposition is encountered the town will be protected, and peaceful inhabitants

18. N.J. van der Merwe *Marthinus Theunis Steyn*. II (Kaapstad, 1921), p.9; J.G. Fraser *Episodes in My life*. (Kaapstad, 1922), p.265; V.A., Gracie Fraserversameling 51. Memorandum van onderhoud, 10/3/1900.
19. Van der Merwe *Marthinus Theunis Steyn*. p.10.
20. T.A., Leydsargief 719(a), Telegram nr. 48, Kmdt.-genl. — Assistent-kmdt.-genl., 11/3/1900.
21. T.A., Film D/F3, Dagboek van French, 12 Maart 1900, p.147.
22. T.A., W.O. 10, film A. 389, Roberts — Chamberlain, 31/3/1900.
23. T.A., film 3/F3, Dagboek van French, 12/3/1900, p.147.

remain unmolested. If opposition is met with, the Field-Marshal Commanding-in-Chief will be compelled to take such steps as may seem to him best to overcome it. This may result in damage to the town and loss of life, which the Field-Marshal would regret. The inhabitants of Bloemfontein are hereby warned to take such measures as will, in the event of opposition being offered, tend to the security of their own safety.”²⁴ J.G. Fraser beweer in sy outobiografie dat Palmer hierdie proklamasie aan president Steyn oorhandig het, maar dat dit nooit vir algemene kennisname bekend gemaak is nie.²⁵ Die posisie van Republikeinse amptenare se vroue en kinders ingeval die hoofstad in Britse hande sou val, was ’n aangeleentheid wat kommer by die Boereleiers gewek het. President Steyn en sy regering was van mening dat die amptenare kwalik verplig kon word om hulle vrouens en kinders uit die stad te verwyder.²⁶ Aan die anderkant het die Transvaalse Staatsekretaris en voormalige Vrystaatse president, F.W. Reitz, sterk daarop aangedring dat amptenare se vrouens en kinders uit Bloemfontein verwyder moes word, anders was hy bevrees kon dit maar net sowel aan die amptenare ook oorgelaat word om te besluit of hulle hulle aan die Britse magte wou oorgee of nie.²⁷ In so ’n geval was hy bevrees, sou dit die Republieke se saak ernstig benadeel.

Teen vyfuur die middag van 12 Maart was French reeds in beheer van die suidelike hange van Brandkop en die gebied onmiddellik ten ooste van die spoorlyne na die Kaapkolonie. Dieselfde middag berig president Steyn aan president Kruger dat die “vijand is binnen een uur van Bloemfontein verwacht morgen een aanval op Bloemfontein.”²⁸ As veiligheidsmaatreël is reeds besluit dat die regering en kommissariaat na Kroonstad oorgeplaas sou word.²⁹ Die middag het president Steyn dan ook Bloemfontein verlaat. Die oorspronklike plan was skynbaar dat president Steyn per spoorwegkoets na Kroonstad vervoer sou word, maar nadat die spoor deur “jingo’s” opgebreek is, moes hy die reis met sy presidensiële rytuig onderneem.³⁰ Daarop het J.G. Fraser, dr. B.O. Kellner en landdros H.D. Papenfuss ’n Kommissie vir Openbare Veiligheid gevorm en die Bloemfonteinse kommissaris van Polisie, J.A.R. Markus, gelas om slegs op hulle bevel te handel.³¹ Intussen het French daarin geslaag om president Steyn se broer op ’n naburige plaas gevang te neem voordat hy kon ontvlug.³² Teen sesuur is die spoorlyn op

24. T.A., Lord Roberts Papers, Manuscripts, Operations Telegrams, Vol. 19, 11/3/1900, pp.178—179 en French — Roberts, 13/3/1900, p.193; V.A., G.B. van Zylversameling, A. 17/2, Afskrif brief N. Chamberlain — J.G. Fraser, 21/3/1900.

25. Fraser *Episodes in My Life*, p.269—270 en 276—277.

26. T.A., Leydsargief 719(b), Telegram 47(a) en (b), Onder-Goewermentssekretaris O.V.S. — Onder-Staatsekretaris Z.A.R., 12/3/1900.

27. T.A., Leydsargief 719(b), Telegram nr. 15, Staatsekretaris — Goewermentssekretaris, 12/3/1900; S.B. Spiers *Roberts and Kitchener and Civilians in the Boer Republics, January 1900 — May 1902* (D.Phil., Universiteit Witwatersrand, 1973), pp.53—54.

28. T.A., Leydsargief 719(b), Telegram nr. 39, Staatspresident (Bfnt.) — Staatspresident (Pta.), 12/3/1900.

29. T.A., Leydsargief 719(b), Telegram nr. 28, Brill — Molengraaff, 12/3/1900; T.A., Staatsekretaris, Inkomende Telegramme, Kmdt. Schutte — Reitz, 13/3/1900; *The Cape Times* 16/3/1900.

30. *Gedenboek van den Oorlog in Zuid-Afrika* (Amsterdam, 1904), p.284.

31. Fraser *Episodes in My Life*, p.269 e.v.; Kyk ook V.A., Notule van die Bloemfonteinse Munisipaliteit, nr. 9, 15/3/1900, p.478 (gedeeltes van die Notule is ongelukkig verwyder).

32. T.A., film D/F3, Dagboek van French, 12/3/1900, p.147; Maurice *History of the War in S.A.*, II, pp.225—236.

twee plekke opgebreek en die telegraafverbinding suidwaarts afgesny. Volgens genl. De Wet was sy magte op hierdie stadium nog in besit van die koppies onmiddellik suid van Bloemfontein en het 'n gees van vasberade optimisme geheers dat die Britse aanslag op die hoofstad afgeslaan sou word.³³ Teen middernag, tydens 'n inspeksie van die stellings, moes hy egter opnuut ervaar hoe maklik hierdie gees van vasberadenheid by sommige burgers in wanhoop oorgeslaan het. Dit het naamlik geblyk dat die Heidelbergers onder kmdt. Weilbach die posisies wat aan hulle toegewys is, verlaat het en voordat dié gaping gevul kon word, is die stellings deur French se troepe beset.³⁴ Die skrif was aan die muur en genl. De Wet verklaar “ik bracht den ganschen nacht door zonder een oogwenk te slapen.”³⁵ Uit die Transvaal het president Kruger in 'n laaste desperate poging berig dat genl. Joubert reeds na die front vertrek het en dat die burgers nie moes moed verloor nie. Om hulle in die stryd te bemoedig moes die burgers Psalms 83 en 27:7 lees.³⁶ Brandkop, 'n sleutelposisie tot die beheer van Bloemfontein, was egter reeds in Britse hande.

Ondertussen het French sy posisie verder verstewig. Maj. A.G. Hunter-Weston het aangebied om met 'n aantal vrywilligers te trag om die spoorlyn na die noorde op te blaas. Gedagtig aan die gerugte van versterkings wat enige oomblik in Bloemfontein kon opdaag, het French verlof hiertoe verleen.³⁷ Met 'n mnr. Hogg as gids³⁸ het Hunter-Weston se groep daarin geslaag om teen dagbreek van 13 Maart die spoorweglyn ten noorde van Bloemfontein op te blaas en ook die telegraaflyn noordwaarts en tussen Bloemfontein en Bethulie te verbreek.³⁹ Die Britse net het al hoe stywer om die Republikeinse hoofstad gespan. Die Republikeinse aanvoerders het besef dat dit feitlik nutteloos was om verdere teenstand te probeer bied. Teen agtuur op 13 Maart is alle weerstand gestaak en teruggedrag op Brandfort. Toe genl. Joubert op Brandfort aankom moes hy verneem dat die verdediging van die Vrystaatse hoofstad reeds prysgegee is.

French was nou in volle beheer van die suidelike heuwels rondom Bloemfontein en het besluit om verkenners vooruit na die stad te stuur. Hierdie afdeling is vergesel van drie oorlogskorrespondente wat die *Australiese Sidney Morning Herald*, die *Cape Times* en die *Daily News* verteenwoordig het.⁴⁰ Hierdie drie korrespondente was die eerste om Bloemfontein binne te gaan. Die *Cape Times* se korrespondent berig: “We had a hard race, which the Australian, (Patterson) won. At the entrance of the town two bicyclists, who were afrighted, let fall their bicycles and held up their hands in token of surrender. We slackened pace at once We found the town wearing an everyday aspect, people shopping and taking their morning walks Gradually, however, people who had seen us gallop across the plain from the direction of the army, looked upon us as its forerunners.

33. De Wet *De Strijd tussen Boer en Brit*, p.48.

34. T.A., film D/F3, Dagboek van French, 13/3/1900, p.150; T.A., Leydsargief 719(b), Telegram nr. 31, Goewermentsekretaris (Bfnt.) — Staatspresident (Pta.), 18/3/1900; Amery *The Times History of the War* III, pp.588—589.

35. De Wet *De Strijd tussen Boer en Brit*, p.49.

36. T.A., Leydsargief 719(b), Telegram nr. 2, Staatspresident (Pta.) — Staatspresident (Bfnt.), 13/3/1900.

37. Maurice *History of the War in S.A.*, II, p.236.

38. Amery *The Times History of the War*, III, p.589.

39. T.A., Leydsargief 719(b), Telegram nr. 6, Kmdt.-genl. — Staatspresident, 13/3/1900.

40. Amery *The Times History of the War*, III, p.590.

We were greeted everywhere respectfully and cordially, and on arrival at the Market Square were conducted to the club"⁴¹ Hier het die verslaggewers 'n vergadering van vooraanstaande inwoners waaronder J.G. Fraser, landdros H.D. Papenfus, waarnemende goewermentsekretaris J.A. Collins en burgemeester dr. B.O. Kellner aangetref.⁴² Na aanleiding van 'n suggestie van een van die verslaggewers is besluit dat 'n afvaardiging bestaande uit dr. Kellner, Fraser, Papenfus en balju Raaf Bloemfontein onvoorwaardelik aan lord Roberts sou oorgee deur die stadsaal se sleutels aan hom te oorhandig.⁴³

Onderweg na lord Roberts, wat ondertussen sy hoofkwartier na Brandkop verskuif het, het die Bloemfonteinse afvaardiging die eerste Britse troepe — luitenant Chester Master met drie Remington Scouts — wat die stad binnegegaan het, verbygegaan.⁴⁴ Die afvaardiging het lord Roberts kort na elfuur ontmoet. Nadat Fraser die stadsaal se sleutels aan die Britse bevelvoerder oorhandig het, het hy verklaar dat die stad onverdedig was en dat die inwoners aanspraak maak op die Britse beskerming van lewens en eiendom. Hierdie versekering het lord Roberts sonder huiwering gegee. *De Zuid Afrikaan* berig oor die ontmoeting: "Het onderhoud was van den hartelijksten aard en er was volstrekt niets onaangenaams in de houding der deputatie die zich verlicht schein te gevoelen in de tegenwoordigheid der Britsche troepen".⁴⁵ Toe dit blyk dat lord Roberts die stad onverwyld wou binnegaan, het die afvaardiging haastig daarheen teruggekeer ten einde die inwoners dienooreenkomstig in te lig. Roberts is daarop buite die stad deur J.A. Collins ontmoet en verder geleide gedoen. 'n Vreemde skouspel het hom nou voor die Britse troepe afgespeel. Onbewus daarvan dat die Vrystaatse Republiek se hoofstad sterk Britse sentimente gehuldig het, was die ontvangs wat hulle geniet het oorweldigend: "It would be expected that victoriously entering the capital the enemy would find sullen and scowling faces, instead of that there was nothing but cheering and waving of handkerchiefs and the utmost enthusiasm."⁴⁶ Deur hierdie geesdriftige Bloemfonteiners, wat as't ware langs die strate 'n erewag gevorm het, het Roberts sy weg gebaan via die Markplein en Raadsaal na die Presidensie. Die geesdrif onder die versamelde het 'n hoogtepunt bereik toe lord Roberts die tuin van hierdie statige en trotse woning binnegaan: "de groote menigte die buiten stond barste plotseling los, en zong met groote geestkracht "God save the Queen". Een ieder bleef op de plek staan, en de ambtenaren lichten hun hoed. Toen het lied ten einde was, werden drie luidde hoera's gegeven. Ondertusschen droeg Lord George Scott de zijden Union Jack gewerkt door Lady Roberts en bevestigde die met behulp van majoor Fortecue aan de vlaggelijn, waarop zij onder luidde hoera's de Union Jack heschen over de stad Bloemfontein Een halve troep kavalerie stond tegenover het hek van de presidents-woning en de menigte zich omwendende schein getroffen door de besmeerde ongeschoren gezichten en het gelapte kharki, die allen teekenen

41. *Cape Times* 16/3/1900; *De Zuid Afrikaan* 17/3/1900.

42. *The Bloemfontein Post* 15/3/1900.

43. *The Bloemfontein Post* 1/3/1907; Fraser *Episodes in My Life*. pp.272—273; V.A., Notule Bloemfonteinse Munisipaliteit, nr. 9, 15/3/1900, p.478.

44. *De Zuid Afrikaan* 17/3/1900.

45. *De Zuid Afrikaan* 17/3/1900. Sommige bronne meld dat Kellner die sleutels aan Roberts oorhandig het. Fraser self vermy die aangeleentheid in sy outobiografie.

46. *Cape Times* 16/3/1900.

droegen van hard vechten. Blijkbaar uit eigen beweging begon de menigte het liedjie "Tommy Atkins" te zingen, en daarop "Soldiers of the Queen".⁴⁷ Ten spyte van hierdie eerste tekens van geesdrif, was daar ook aanduidings dat die Britse besetting nie oral die gemoedere gaande gemaak het nie. C.E. Stewart van die Black Watch teken later in sy dagboek aan: "I see many of the women are in mourning — I wonder if they hate us."⁴⁸

Lord Roberts het onmiddellik die nodige stappe geneem om te verseker dat orde en wet in die stad gehandhaaf sou word. Met die oog hierop is genl.-maj. G. Pretymann aangestel as "Governor of the Town Guard" totdat verdere reëlins getref kon word.⁴⁹ Genl. French het ondertussen die nodige stappe geneem om die stad teen 'n moontlike teenaanval te beskerm. Hy was hoogs beïndruk met die ontruimde stellings wat deur die Boeremagte voorberei is: "there were lines of very deep and skilfully constructed shelter trenches all along the wooded country at the foot of the large ridge held in strength by the enemy."⁵⁰

Die aand van 13 Maart is die besetting van die stad deur die Britte gevier met 'n offisiere-ete in die Bloemfonteinse klubhuis. Daar was inderdaad rede vir vreugde. Die Boeremagte is gedemoraliseer teruggeslaan en die Republikeinse hoofstad beset. Die uitwerking van hierdie gebeure op die moreel van die Republikeinse magte word goed weerspieël in genl. Joubert se verslag aan President Kruger: "My word verteld dat zij (Britte) voldoende locomotiewen en wagens hebben om hun troepen per trein te vervoeren. Dit veroorzaak te meer onrust onder de vluchtende burgers en menschen Ik kan UH Ed. verzekeren dat zaken hier donker en duister uitzien menschen rijden en loopen in alle richtingen weg zoo hard zij kunnen."⁵¹ Ewe belangrik was die groot voorraad spoorwegmateriaal waarop beslag gelê is.⁵² Boonop was die wyse waarop die Britse troepe in Bloemfontein ontvang is hoogs bevredigend. Van ewe groot betekenis was die groot aantal voormalige Republikeine wat hulle gewig nou onvoorwaardelik aan die Britse kant ingegooi het. Vergesigte van 'n spoedige einde aan die oorlog is gesien.

By die ontvangs van die nuus oor Bloemfontein se besetting het dieselfde gees van optimisme ook elders in Brits-Suid-Afrika geheers. Dit het die *Cape Times* beweeg om te verklaar dat "the people of Bloemfontein have the satisfaction of seeing in one day all their troubles pass away."⁵³ In Kaapstad het 'n skare voor die kantore van die *Cape Times* vergader "and after a great round of cheering and the singing of Rule Britannia the concourse moved off to Government House where a most enthusiastic demonstration took place."⁵⁴ Op die meeste Kaapse en Natalse dorpe is die nuus met ewe veel geesdrif, die lui van kerkklokke en wapperende vlae begroet. Die inwoners van Port Elizabeth is om elfuur nm. deur 'n saluut van 21 kanonskote gewek, "kleeden zich haastiglijk en gingen naar het woonhuis van den

47. *De Zuid Afrikaan* 17/3/1900.

48. T.A., Mikrofilm A.420, Dagboek C.E. Stewart (oorspronklike: Black Watch Museum, Perth), 15/3/1900, p.88. Hierdie indruk word bevestig deur P.H. Hofstra wat die besetting beleef het, Van Schoor "Bloemfontein gooi tou op", p.35.

49. *Cape Times* 16/3/1900.

50. T.A., film D/F3, Dagboek van French, 14/3/1900, p.152 en 15/3/1900, p.153.

51. T.A., Leydsargief 719(b), Telegram nr. 4, Kmdt.-genl. — Staatspresident, 14/3/1900.

52. T.A., Roberts Papers, Vol. 2, Operations Reports, 15/3/1900, p.86.

53. *Cape Times* 16/3/1900.

54. *Cape Times* 15/3/1900.

burgemeester, dien zij op hunne schouders naar het stadshuis droegen, waar er eene demonstratie gehouden werd, later eene processie vormende en door de stad trekkende.”⁵⁵ Ook in Londen het die ontvangs van die nuus met groot geesdrif gepaard gegaan.⁵⁶

Op 14 Maart het lord Roberts hulde gebring aan die Britse magte wat die besetting van Bloemfontein moontlik gemaak het: “exposed to extreme heat by day, bivouacking under heavy rain, marching long distances (not infrequently with reduced rations), the endurance, cheerfulness, and galantry displayed by all ranks are beyond praise.”⁵⁷ In sy dagboek onder 14 Maart teken voetsoldaat E. Chissel aan: “arrived in Bloemfontein with very sore feet” nadat hy onder moeilike omstandighede vanaf 9—14 Maart ± 125 kilometer te voet afgelê het.⁵⁸ C.E. Stewart lewer die volgende kommentaar oor sy eerste indrukke van die besette stad: “there were a good many civilians about, mostly sporting red, white and blue ribbins (I expect a few days back it was green red and yellow and a mauser) and Union Jacks very prominent everywhere. The shops were all besieged but as they have had very few fresh stores lately are nearly sold out of everything Prices ran high.”⁵⁹

Inmiddels het die masjinerie om die daaglikse lewe na normaal te laat terugkeer voortgerol. J.A. Collins is aangestel as landdros en in oorleg met Collins en Fraser is maatreëls getref vir ’n openbare mark om voedselvoorraad aan die stad se inwoners te verskaf.⁶⁰ Beslag is ook gelê op ’n groot voorraad Republikeinse seëls,⁶¹ terwyl reëlins getref is om *The Friend* weer in sirkulasie te plaas onder die beheer van ’n aantal oorlogskorrespondente nadat die voormalige redakteur, Arthur Barlow, geweier het om met die uitgawe daarvan onder die nuwe bewind voort te gaan. Enkele dae later het Rudyard Kipling hom as redakteur by die redaksie gevoeg.⁶² Twee belangrike proklamasies is ook uitgevaardig. Genl.-majoor Pretzman het ’n proklamasie uitgevaardig waarvolgens alle burgers binne ’n radius van 16 kilometer hulle wapens moes inhandig of gevaar loop om hulle eiendom as verbeurd verklaar te verloor.⁶³ Lord Roberts se proklamasie was daarop gemik om ’n spoedige einde aan die oorlog te maak: “All burghers who have not taken a prominent part in the policy which has led to the war between Her Majesty and the Orange Free State, or commanded any forces of the Republic, or commandeered or used violence to any British subjects, and who are willing to lay down their arms at once, and to bind themselves by an oath to abstain from further participation in the war, will be given passes to allow them to return to their homes and will not be made prisoners of war, nor will their property be taken from them.”⁶⁴ ’n Kompetisie is deur *The Friend* uitgeskryf met ’n prysgeld van R10 vir die

55. *De Zuid Afrikaan* 17/3/1900.

56. *The London Times* 15/3/1900 en 16/3/1900.

57. T.A., W.O. F.K. 1769, Army order, Kenny Kelly, 14/3/1900, p.136.

58. T.A., Aanwins A. 768, Diary of E.G. Chissel, 14/3/1900, p.29.

59. T.A., Dagboek van C.E. Stewart, 15/3/1900, p.88.

60. Maurice *History of the War in S.A.*, III, p.32.

61. T.A., W.O. 10, film A. 392, Memo 15/3/1900.

62. T.A., W.O. F.K. 1774, Milner — Roberts, 16/3/1900, p.124; *The Friend Centenary Supplement*, 10/6/1950.

63. *De Zuid Afrikaan* 17/3/1900.

64. T.A., W.O. 10, film A. 392, Roberts se proklamasie, 15/3/1900; T.A., Milner Papers F.K. 1204, Roberts — Milner, 17/3/1900, pp.885—889.

mees gepaste naam vir die Brits-beheerde Vrystaat.⁶⁵ Van die voorstelle wat gemaak is, was o.a. Orange River Territory, Orange River Province, Middle Velt, Brandesia, Robertsia, V.R.I. Staat, ens.⁶⁶ Op 24 Mei 1900 is die Brits-besette Vrystaatse grondgebied amptelik as deel van die Britse Ryk geannekseer.

Alhoewel genl. De Wet die val van Bloemfontein diep betreur het — hy berig aan genl. Joubert met 'n ondertoon van bitterheid “God is mijne getuige wie de mislukking van de Bloemfonteinsche geschiedenis was”⁶⁷ — het hy dit nie as van beslissende betekenis vir die verdere verloop van die oorlog gesien nie.⁶⁸ Dit het hom slegs met groter vasberadenheid vervul en gelei tot sy besluit om die oorlogsmoeë burgers tot 25 Maart verlof te gee, waarna die oorlog met hernieude ywer aangepak is.

65. T.A., Dagboek van C.E. Stewart, 26/3/1900, p.90.

66. C. Headlam *The Milner Papers*, II, *South Africa 1899—1905* (Londen, 1931), p.135.

67. T.A., Leydsargief 720(a), Telegram nr. 32, Genl. De Wet — Kmdt.-genl., 22/3/1900.

68. De Wet *De Strijd tussen Boer en Brit*, p.50.